# HOOFSTUK 5.

## Samevatting en Gevolgtrekkings.

Uit die voorafgaande studie kan ons die volgende samevatting en gevolgtrekkings maak:

1) Die Gereformeerde Kerk se beginsels wat die Onderwys betref:

Dit is duidelik dat daar vier beginsels is wat die Gereformeerde Kerk gehandhaaf het in die onderwys:

a) Die Skoolopvoeding is noodsaaklik en onmisbaar aangesien die ouers gebind is deur die leer van die Bybel en die doopbelofte:

Omdat die bestuur aan die Kaap tydens die bewind van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie Gereformeerd was, was die skole Gereformeerde staatskole. Die noodsaaklikheid van die skoolopvoeding was die godsdienstig-kerklike vorming van die kind en het ten doel gehad sy voorbereiding vir die kerklike aflegging van die belydenis van die geloof.

Toe De Mist aan die Kaap kom, stel hy 'n Skoolorde in waarvolgens die skole goeie burgers vir die staat moes vorm. 'n Algehele verwydering dus tussen kerk en skool.

Die Engelse tydperk aan die Kaap bring die kerk en skool weer nader aanmekaar met die instelling van Cradock se Kosterskole. Maar dit is 'n tydperk van verengelsing waarin Skotse predikante en onderwysers die land ingevoer word. Dit lei daartoe dat "huisonderwys" in die grensdistrikte veral sterk na vore kom.

Opvoeding en onderwys is geensins verwaarloos nie, ook nie by die Trekkers nie, want ook by hulle, net soos in die geval van die agtergeblewenes in Kaapland,

het/.............. 173.

het die Bybel gedien as leerboek en is daar geleer lees, skryf en reken, sodat die kind die belydenis kon aflê.

Die Woord van God is vir die Gereformeerdes die eerste beginsel van hulle onderrig. Deuternomium 6:7 wat lui: „en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan", was vir hulle die beginsel van die onderwys. En verder, omdat die algemene strekking van die Bybel leer dat die ouers moet sorg vir die opvoeding van die kinders, wat wel in die eerste plek sien op die Christelike geloof en leer, veronderstel dit tog ook die nodige wêreldlike onderrig, omdat geen Christelike kerk hom kan versoen met die aanwesigheid van ongeletterde lidmate nie. Elke lidmaat moet gebring word tot 'n selfstandige lees van die Woord van God. En daarom, getrou aan die doopbelofte (vraag 3), het die Gereformeerdes vanaf kort na die herstigting in 1859 hulle eie skole opgerig waarin die jeug opleiding en onderwys kan ontvang volgens die Christelike lewens- en wêreldbeskouing van hulle ouers. Dit het hulle dan gedoen omdat die noodsaaklikheid ingesien en gevoel is van onderwys, en aangesien hulle hul nie kon versoen met die staatskole nie.

Reeds so vroeg as 1873 het die sinode verder 'n lys van vrae opgestel wat deur elke gemeente elke jaar aan die Algemene Vergadering beantwoord moes word. Vraag 9 in hierdie lys lui: „Hoe gaat het met het onderwijs en opvoeding van de jeugd?" Die eerste deel vra na die skoolopvoeding, terwyl die tweede deel na die huislike opvoeding vra. Hierdie besluit het elke gemeente elke jaar gedwing om rekenskap te gee van wat daar in sy midde gedoen is in verband met die onderwys en die opvoeding.

Om op hierdie vraag te kon antwoord sonder om die gewete te verkrag, moes en het hulle (die Gereformeerdes) skole opgerig.

b) <u>Dit is die taak van die ouers om te sorg vir die Opvoeding en Onderwys van hul kinders:</u>

Terwyl die Gereformeerde owerheid toesig gehou het oor die skole voor die koms van De Mist, is dit deur De Mist bepaal dat die skole nie aan enige kerkgenootskap behoort nie, maar aan die staat wat moet sorg vir die onderwys en die opvoeding. Die versorging van die skool word dus toevertrou aan die staat.

Alhoewel Cradock, met die instelling van sy Kosterskole, weer in geringe mate die beginsel van ouersorg eerbiedig, geskied dit maar net om sy anglisasie-politiek te bevorder. Die grensdistrikte het hulle egter nie veel gesteur aan hierdie skole nie, daar hulle self die kinders geleer het of gebruik gemaak het van die rondtrekkende onderwysers.

Ook diegene wat getrek het, het hulle kinders self geleer om so te voldoen aan 'n essensiële doel van die ouerplig. Die huisonderwys was dus eintlik aan die orde van die dag. Dit is te verstane, want die **huis**(ouers) is die oorsprong van die kind en die huis(ouers) is dan ook die natuurlike versorgers en opvoeders van die kind, wêreldlik en religieus, persoonlik en maatskaplik, liggaamlik en geestelik.

Hierdie beginsel word deur die vroegste Gereformeerdes gehandhaaf. Van die herstigting tot in 1882 was daar gemeenteskole waarvoor die ouers (lidmate) van die kerk verantwoordelik was. Volgens sinodale besluit van 1882 behoort 'n Gereformeerde skool onafhanklik te wees van die kerk, want „op de kerk rust niet de plicht om de kinderen op te voeden, maar op de ouders". In

gevalle waar die kerk voor 1882 die inisiatief geneem het vir die oprigting van skole, is dit gedoen omdat die Gereformeerde gemeentes nie oor die nodige ontwikkelde lidmate en die nodige organisasie beskik het nie.

c) Die Skoolopvoeding moet Christelik wees:

Omdat die Gereformeerde Kerk in die tydperk voor De Mist staatskerk was, is hierdie skool ook deur die staat bevoorreg in soverre dit onderwysaangeleenthede betref en is toegesien dat die onderwysers Christelik is. Na die koms van De Mist is sake egter verander omdat alle godsdienste erken is.

Die onderdrukking as gevolg van die anglisasie-politiek van die Engelse oorheersing was een van die oorsake dat baie grensbewoners getrek het.

As gevolg van gebrek aan onderwysers het die onderwys geskied volgens die ou waarhede van die opvoeding wat geput is uit die Bybel. En daarom het die opvoeding bestaan uit 'n deeglike kennis van die Bybelse geskiedenis, 'n noukeurige onderrig in die geloofswaarhede van die Christelike kerk en in die godsdienstige sang en die lees van die Bybel en ander godsdienstige geskrifte.

Oor die gees en rigting van die skool mag alleen die ouers, georganiseer in 'n ouergemeenskap, beslis, want dit moet dieselfde wees as dié van die huis — die skool, immers, vul net die huis in die onderwys en opvoeding van die kind aan. (Tog moet die kerk toesien dat daar skole is met 'n besliste Christelike karakter, want hy moet sorg dra dat die belofte, deur die ouers by die doop en deur die kind by sy belydenis afgelê, getrou, ook aan die skool, nagekom word.) Daarom het die ouers ook die reg om aan te wys wie hulle plek by die onderwys

en opvoeding van hul kinders op skool sal inneem.

Vandaar dat die Gereformeerde Kerk kort na sy herstigting besluit het om nie alleen 'n inrigting op te rig waarin toekomstige predikante opgelei kon word nie, maar ook onderwysers, twee professies waarop hulle baie gesteld was.

Die ou kerkvaders van die Gereformeerde Kerk het terdeë besef dat die kind van vandag die grootmens van môre is. Hulle het ten volle besef dat die onderwyser 'n baie groot invloed op sy leerlinge uitoefen. En deur onderwysers self op te lei, het die Gereformeerde Kerk gesorg dat toekomstige onderwysers die nodige Christelike opvoeding ontvang. Vandaar dat onderwysers wat aan die Teologiese Skool opgelei is, dan ook 'n eksamen oor die Christelike waarhede voor die kuratore moes aflê.

d) Die Skoolopvoeding moet Nasionaal wees:

Die Calvinistiese inslag waaraan die koloniste gewoond was tydens die bestuur van die Kompanjie, het by die Boere (koloniste) 'n onwrikbare nasionale gevoel gekweek.

As die taal van die koloniste bedreig word deur die anglisasie-politiek van 'n Engelse veroweraar, trek hulle die onbekende binneland met al sy barbare en roofdiere in. Want hulle wou vry wees om hulle eie volksidees uit te leef, en daarom ook vry wat die onderwys betref.

Die voortbestaan van die Hollandse (Afrikaanse) bevolking was vir die Gereformeerdes die voorwaarde vir die welvaart van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Om 'n eie taal lief te hê en in ere te hou, was vir hulle as Calviniste voor die handliggend. Vandaar dat hulle doelbewus daarna gestreef het om 'n nasie te bou wat geheg sou wees aan sy tradisie, en daarom moes vasgehou word aan die geskiedenis van die volk, sy taal, godsdiens

en aan die Bybel. Hulle glo dat taal en godsdiens nasionalisme kweek en bestendig.

2) <u>Die Verskillende soorte skole deur die Gereformeerde Kerk in die verskillende tye opgerig:</u>

Op die sinode van 1869 is besluit om die skoolvraagstuk op meer algemene, stelselmatige wyse aan te pak, want tot dusver is skole op sporadiese wyse op inisiatief van 'n paar kerkrade opgerig. Hier is naamlik gevra dat die onderwys in die gemeentes onder toesig van die kerk moes kom. Die resultaat was dan 'n plan wat deur die sinode goedgekeur is waarvolgens die verskillende kerkrade moes toesien dat kerk- (op die dorpe) en buurtskole (in die distrikte) opgerig word, waarvan die ouers die koste daaraan verbonde sou dra. Hierdie skole wat deur en deur 'n Christelik-nasionale gees geadem het, sou egter vanweë swaar finansiële laste en die konkurensie van die staatskole nie staande bly nie. Vandaar dat die sinode van 1882 besluit het dat Gereformeerdes geldelike ondersteuning uit die landskas vir hulle skole kan aanneem, behoudens onafhanklikheid van die godsdienstig karakter.

Transvaalse en Oranje-Vrystaatse Gereformeerdes het dadelik hiermee ingeval omdat hulle owerhede dieselfde beginsels toegedaan was. Maar Kaapland se owerheid was die Gereformeerdes se beginsels allermins goedgesind; in hierdie staat het alleen die neutrale skool ondersteuning ontvang. Daarom het die Gereformeerdes van Kaapland eers geveg vir die vrywillige beginsel in die onderwys. Daarom rig hulle Vrye Christelike skole op, net soos die Gereformeerdes van Nederland wat 'n dergelike stryd moes voer teen neutrale skole. Die Gereformeerdes het deur korrespondensie in noue voeling gestaan

met hulle/......... 178.

met hulle geloofsgenote in die Nederland; daarom het hulle ook Christelike skole opgerig na die voorbeeld van Nederland. Toe die vrywillige beginsel blyk 'n mislukking te wees, is ondersteuning vir private skole uit die landskas aanvaar. Intussen is mislukte pogings aangewend om die landswette so gewysig te kry dat ook kerkskole ondersteuning kan kry.

In 1897 het die sinode egter weer besluit dat die Gereformeerdes kerkskole moet oprig. Dog voordat veel sukses daarmee behaal is, het die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog alle onderwyspogings vir die 19e eeu beëindig.

3) Die Opleiding van Onderwysers:

Die Gereformeerdes was uiters gesteld op twee professies: dié van predikant en dié van onderwyser. Vandaar dat, toe die sinode van 1869 besluit om 'n inrigting op te rig waarin predikante opgelei kan word, besluit is dat hierdie inrigting so ingerig moet word dat ook o.a. onderwysers daar opgelei kon word, onderwysers wat die Gereformeerde kinders kan opvoed in 'n Christelike gees. Nog in dieselfde jaar is die Teologiese Skool te Burgersdorp geopen.

In 1876 vind daar 'n herorganisasie plaas van die Teologiese Skool en is die Teologiese en Literariese departemente geskei. Alhoewel dit reeds in hierdie jaar in vooruitsig gestel is dat aan die Skool ook 'n voorbereidende afdeling gevoeg moet word, het die sinode op hierdie stadium nie vir die instandhouding daarvan kans gesien nie. (Later het die Vrye Christelike Skool van Burgersdorp as voorbereidende skool gedien.)

Uit die verslae van die rektor aan die kuratore

is dit af te lei dat heelwat Gereformeerdes hulle bekwaam het as onderwysers. Die kuratore wat die toesig gehou het oor die Skool, het geglo dat die studente wetenskaplik goed toegerus moet wees en het daarom gesorg dat die peil van opleiding telkens verhoog word.

Die literariese departement het stadig vorentoe gebeur. So is die studente selfs aangemoedig om vir die B.A.-graad te werk.

Die studentetal het baie vinnig uitgebrei en dit is opmerklik dat die literariese departement verreweg die meeste studente gehad het. So 'n toename was daar aan studente dat selfs 'n tweede professor in die literariese departement aangestel moes word.

Spoedig het daar egter stemme opgegaan wat hulle ontevredenheid te kenne gegee het omdat onderwysers en ook studente vir ander professies hulle opleiding daar kon geniet. Dit is tog die plig van die kerk om predikante op te lei maar seer sekerlik nie om persone vir ander beroepe op te lei nie.

Alhoewel die Hollandse taal as sodanig altyd die voorrang in hierdie Skool geniet het, moes die opleiding van die studente, wat openbare eksamens wou aflê, deur medium van Engels geskied ter wille van die openbare eksamens wat die Kaapse Universiteit afgeneem het.

Dit was juis gedeeltelik hieroor dat daar later sterk geagiteer is om die Skool na die Transvaal verskuif te kry. Maar eindelik het die sinode besluit om die Skool nog op Burgersdorp te laat.

4) <u>Doel, inhoud en voertaal van die Gereformeerde Skole:</u>

Die staatskole van die Transvaal en die Oranje-Vrystaat het nie veel verskil van dié van die Gereformeerde

kerk/........... 180.

kerk nie, want die owerhede in die twee Republieke het tog aan dieselfde volk as die Gereformeerdes behoort. Maar dit was veral die staatskole van Kaapland, met die hand van die Engelse oorheerser aan die stuur, wat geheel en al verskil het van dié van die Gereformeerdes.

Terwyl dit die Kaapse owerhede se doel met die oprigting van skole was om leerlinge op te voed sodat hulle eendag in hulle eie behoeftes kon voorsien, het die Gereformeerdes hulle ten doel gestel om die onvolwassenes op te voed tot „sieraden der maatschappij en der Kerk", „sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Timotheus 3:17).

Ook wat die keuse van vakke betref, tref ons 'n groot verskil aan. Terwyl die Gereformeerdes dit as 'n noodsaaklike vereiste beskou dat die skole klem moet laat val op die Hollandse taal, Suid-Afrikaanse geskiedenis en Aardrykskunde sowel as Bybelse geskiedenis, het die Kaapse staatskole hierdie vakke uit die leergang uitgeskakel.

Terwyl Kaapland se onderwysdepartement uitsluitend Engelse handboeke gebruik het, het die Gereformeerdes hulle daarop toegelê om handboeke te gebruik wat 'n Suid-Afrikaanse karakter dra of so nie, 'n Hollandse.

Die Gereformeerdes het verder dit besonder sterk benadruk dat die Hollandse taal dié plek moet inneem in hul skole. Hulle het selfs die bloei van die Hollandse taal as voorwaarde gestel vir die welsyn van die Gereformeerde Kerk. En gepaard hiermee het gegaan die groot waarde wat die Gereformeerdes geheg het aan die nasionalisme en dit was vir hulle ondenkbaar dat die Hollandse (Afrikaanse) bevolking miskien verswelg moet

word deur die Engelse.

In die groot geheel kan die bydrae van die Gereformeerde Kerk tot die onderwys in hierdie tyd genoem word:

a) Wat betref die beginsels: die noodsaaklikheid van Christelik-nasionale onderwys wat moet uitgaan van die ouers, en

b) wat betref die praktiese versorging van die kind: die opvoedeling is 'n skepsel van God wat na sy beeld geskape is en wat daarom dienooreenkomstig behandel moet word in die proses van die opvoeding.

---------oooOOooo---------